Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

ONDERSTEUN
die vooraanstaande
MANSUITRUSTERS
**WELGEMOED & Kie.**
h/v Pretorius- en v. d. Waltstr.
PRETORIA

# Die O.B.

'n Beperkte getal volledige stelle van „Die O.B.",
2de Jaargang, is weer verkrygbaar;
In harde omslag gebind
17/6 per stel posvry
kontant met bestelling
Bestel by VOORSLAG (Edms.) Bpk.
Posbus 1411, Kaapstad

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 12 APRIL 1944. No. 21.

## „Social Security" van die Kapitalis

### MAAK VAN VOLK 'N ARMLASTIGE

### D.L. 4/44.

Die wêreld en ook Suid-Afrika, skakel oor na die sosialistiese orde. Die kapitalistiese bedeling met sy demokratiese aanhangsel skryf allerlei medisynes voor om die gewisse dood so lank moontlik uit die siekekamer te hou.

„Social Security" is een van die medisynes wat vir 'n geteisterde mens-[illegible] voorgeskryf word. Ook in Suid-Afrika word baie hieroor gepraat en geskryf. Dat daar bestaansbeveiliging moet kom is almal dit blykbaar eens. Maar waaroor die klomp demokrate nog stry is wanneer nou eintlik in alle erns daarmee begin moet word, nou, of oor 5 jaar, of in 1955, of wanneer ons almal veilig onder grond lê! Intussen is die saak na 'n Gekose Komitee van die parlement verwys — meestal die begraafplaas van elke vraagstuk waarvan die oplossing durf en verantwoordelike leierskap vereis.

Maar kom ons neem aan dat die kapitaliste en demokrate onder die druk van die openbare mening verplig gaan word om met een of ander skema van bestaansbeveiliging te kom. Laat ons egter kortliks nagaan wat hierdie „social security" gaan beteken. **Dit sal niks anders wees as 'n stelsel van verpligte liefdadigheid nie.** In die verlede kon die uitbuiters nog altyd staat maak op die christelike en barmhartigheidsgevoel van die Afrikaner en ander christene. Hulle kon maar voortgaan om hoë winste te maak deur hongerlone aan hul werkers te betaal, want die jammerhartiges sal tog nie toesien dat 'n medemens van ellende vergaan nie. Sulke jammerhartiges het vrywillig liefdadigheidsfondse georganiseer en die lot van die uitgebuites en hul gesi[illegible] probeer versag. En om sy gewete enigsins te paai gooi die kapitalis ook 'n paar krummels van sy oorvloedige tafel in die kollektebussie. Intussen gaan die uitbuiting voort.

Maar die uitbuiting het nou so 'n omvang aangeneem dat die vrywillige pogings van liefdadigheid nie meer in al die ellende kan voorsien nie. Daarby kom ook dat die slagoffers van die kapitalistiese uitbuiting al meer en meer ontnugter word. Die kapitalis moet 'n uitweg soek en hierdie uitweg is gevind in die towerwoord „social security". **Hierdeur moet die liefdadigheid wat tot dusver vrywillig verrig is, nou vir die hele volk verpligtend gemaak word. Ten einde die kapitalis in staat te stel om voort te gaan om hongerlone aan sy werkers te betaal, verplig die staat almal om tot 'n groot liefdadigheidsfonds by te dra waaruit die inkomste van die gesin aangevul moet word.** Die werker, die staat en die kapitalis dra tot hierdie fonds by.

#### WERKER BETAAL VIR BAAS

Gaan die kapitalis sy bydraes tot die fonds tevrede dra? Soos ons hom ken, sal hy dit nie doen nie. **Hy gaan eenvoudig sy deel ook op die werker afskuif en hy beskik oor die middel om dit te doen, nl. deur die pryse van sy produkte te verhoog. Dit is veral die werkers wat deur die verhoogde pryse getref word, want hulle is die verbruikersmassa. Hoe meer die kapitalis dus tot „social security" moet bydra, hoe hoër gaan hy sy pryse maak, en die bietjie ekstra inkomste van die werkersgesin sal deur verhoogde pryse opgesluk word.** Die ondervinding het ons nog altyd geleer dat die werker onder die kapitalistiese stelsel in 'n tyd van prysstyging of inflasie aan die kortste end trek. En „social security" soos deur die kapitalis beoog, kan nie anders as inflasie meebring nie. Laat elke werker en werkster vroegtydig gewaarsku wees teen die „social security" wat die kapitalis gaan gee. **Onder 'n kapitalistiese stelsel met sy gesindheid van „elkeen vir homself en die duiwel vir ons almal" is daar geen sprake van bestaansbeveiliging vir die prooi van die kapitalis nie.**

#### WAT NODIG IS

Slegs 'n Gesagstaat met sy nasionale en sosiale gesindheid van „ek is my broer se hoeder" kan die bestaan van elke volksgenoot beveilig. **Daarom sê die O.B.: gee aan elke huisgesin 'n versekerde bestaan deur aan die broodwinners 'n geskikte werkkring en 'n menswaardige loon te verseker, sien toe dat elkeen, werkgewer sowel as werknemer sy sosiale pligte besef en nakom. Ons wil nie liefdadigheid hê nie, net 'n geleentheid om ordentlik te kan werk.** Ons wil gesonde en bestaanbare arbeid hê, nie „doles" nie. Soos ons K.G. dit uitgedruk het: „werkloosheid is 'n refleksie op die staat en nie op die werksoekende volksgenoot nie."

Dit spreek egter vanself dat elke volk, veral een wat vir geslagte onder 'n uitbuitende kapitalistiese stelsel gebuk moes gaan, persone het wat weens swak gesondheid, gebreklikheid, ouderdom ens. nie in staat is om arbeid te verrig nie. Sulke persone en hul afhanklikes se bestaan moet deur bystandsfondse verseker word. Dieselfde geld waar dele van die bevolking deur rampe getref word, soos droogtes, peste, verspoelings ens. Hier is dit die plig van almal om by te staan in die gees van „almal vir elkeen en elkeen vir almal!"

## DEMOKRATE PRAAT O.B. SE BELEID NOU NA

### Genl. Van der Merwe se Afskeid

Toe die Ossewabrandwag 'n paar jaar gelede verkondig het dat hy vir die idee staan van „ek is my broer se wagter" — die kern van ware sosialisme — is daar moord en brand van demokratiese kant geskreeu en is die Beweging by die volk aangekla as 'n beweging met 'n vreemde ideologie. Maar vandag publiseer hierdie demokrate lywige dokumente van sosiaal-ekonomiese planne en is hul koerante volgeprop met hierdie nuwe idee, wat saamgevat, die dinge is wat die Ossewabrandwag sedert sy ontstaan al verkondig, het genl. J. F. van der Merwe by geleentheid van 'n vergadering op Reitz op 21 Maart gesê, toe hy afskeid geneem het as Gebiedsleier van gebied C (Vrystaat).

Spr. het hierdie ekonomiese planne beskryf as kaf wat bedoel is om die brandmaer geryde partypolitieke perd mee aan die lewe te hou vir nog vyf jaar, en daarteenoor gestel die waardige gees van offervaardigheid wat hy in die Ossewabrandwag ondervind het tydens die 21 maande wat hy as verantwoordelike offisier met die gebied belas was. „Dat daar soveel gedoen kon word uit blote offervaardigheid, is bewys van die vasberade wil wat eie is aan die getroue brandwag onder die bekwame leiding van sy offisiere," het genl. Van der Merwe gesê. In dié verband wil hy veral die vroue geluk wens met hul organisasie.

Nadat hy alle offisiere bo en onder hom bedank het vir die goeie samewerking, het hy die hoop uitgespreek dat hulle genl. De Jager weer dieselfde steun sal gee as in die verlede. **Genl. De Jager was 9 weke in die tronk aangehou en 'n jaar in die interneringskamp. Hy het sy offer vir ons ideaal ook al gebring. Ook sy eggenote moes baie verduur, en daarom wil spr. hom baie plesier toewens in die samewerking met sy offisiere en brandwagte.**

Genl. Van der Merwe het ook die kantoorpersoneel onder hoofkomdt. G. Radloff geluk gewens, as ook genle. mev. Meyer vir die bekwame leiding wat sy vir die vroue gee.

## Die Ossewabrandwag Klaag Aan

**In 'n lesing voor die A.N.S. op Stellenbosch oor die mediese dienste in die Sosiale Gesagstaat het gebiedshoofgeneraal dr. F. D. du Toit van Zyl o.a. verwys na die euwel van geboortebeperking. Hy het aangetoon hoe ons volk se geboortesyfer steeds aan die daal is, en gesê dat dit 'n aanklag is teen daardie welgestelde Afrikaners wat met mooi woorde en slagspreuke op hul lippe loop, maar hul plig in hierdie opsig versuim. Dit is ook 'n aanklag teen 'n regering en staatstelsel wat toelaat dat daar elke jaar duisende kindertjies van die lewenslig weerhou word omdat daar nie die nodige toestande geskep word om hulle in die volkslewe op te neem nie. Wanneer daar dan deur die regering gepraat word van immigrasie waarmee ons volkskragte aangevul moet word, is dit 'n gruwelike onreg teenoor hierdie ongebore volkskindertjies wie se regmatige plek sulke vreemdelinge moet kom inneem omdat die ouers deur ekonomiese wantoestande belet word om hulle in die lewe te verwek.**

## GELAPTE PARLEMENTARISME

In die pers is aangekondig dat die regering 'n verandering van die Kieswet oorweeg. Hy sou naamlik dink aan die invoering van 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging in plaas van die huidige stelsel op die grondslag van kiesafdelings. Dit sou beteken dat daar nie meer vir persone gestem sal word nie, maar vir partye en dat elke party soveel verteenwoordigers in die parlement kry as wat sy stemkrag in verhouding tot die ander partye regverdig.

#### VEELHEID VAN PARTYE

'n Voordeel van hierdie stelsel is dat die praathuis dan 'n suiwerder weergawe sal wees van die verskillende strominge in die volk. Dit sal dan by voorbeeld onnodig wees vir 'n opposisieparty om eers 'n uitdelgingstryd teen ander opposisiepartye te voer soos dit tydens die jongste verkiesing die geval was. 'n Kruisie-uitspraak ten opsigte van 'n oorheersende twispunt, soos oorlog of vrede waarin stemme in plaas van setels getel word, sal dan 'n vanselfsprekendheid wees; derde kandidate, verteenwoordigende partye of groepe sal dan nie deur teenstanders verwyt kan word dat hulle „setels aan die regering present gee" wanneer hulle ook aan die stryd wil deelneem nie. M.a.w. die bestaan en vorming van 'n veelheid van partye sal dan geregverdig wees.

#### DIE VYEBLAAR

En hier lê dan ook die euwel van so 'n gedokterde parlementêre demokrasie. Die doel van die kapitalistiese bewind met so 'n wysiging is dan bloot en alleen 'n poging om die Rewolusie van die Twintigste eeu — die sosialistiese omwenteling — die loef te probeer afsteek. In die besef dat die parlementêre stelsel nakend staan teen die kritiek van die voorstanders van 'n eenheidstaat op sosiale grondslag, wil die bewindvoerders 'n vyeblaar voorhang in die vorm van proporsionele verteenwoordiging.

**Met die skyn van billiker volksverteenwoordiging sal dit egter net suiwerder partyverteenwoordiging beteken. Die mombakkies van „volksverteenwoordiger" sal dan van die partypolitikus se neus afgeruk word. Hy sal dan genoem word wat hy vandag in die praktyk reeds is, nl. partyverteenwoordiger.**

## KORREKSIE

In verband met die lys met wenke oor die maak van rommelartikels wat by die Vrystaatse gebiedskwartier verkrygbaar is, waarvan melding gemaak is in ons uitgawe van 8 Maart, dien gelet te word dat die lyste 1s. kos en nie 3d. soos berig is nie.

## K.G. OP MONTAGU

**Die Kommandant-generaal spreek laat in die middag van 15 April 'n vergadering op die sportveld van Montagu toe.**



DIE O.B., WOENSDAG, 12 APR. 1944.

# Hul Staanplek Verruil

In 'n lesing voor die A.N.S. op Stellenbosch het gebiedshoofgeneraal dr. F. D. du Toit van Zyl, waarnemende Adjunk-Kommandant-generaal, die bevordering van immigrasie as 'n middel om die bevolking aan te vul, veroordeel as 'n gruwelike onreg teenoor die ongebore kinders van ons volk wat van die lewenslig weerhou is weens die ekonomiese wantoestande wat daar heers. Omstreeks dieselfde tyd het min. A. M. Conroy aangekondig dat daar op versoek van die Britse regering geriewe wat vir ons boere bedoel was om grond te koop, beskikbaar gestel sal word vir Britse immigrante.

Hier het ons die raakpunt van twee botsende beskouings: dié van die kapitalistiese Empire wat in die mens geen eie lewenswaarde sien nie, wat mense slag vir sy oorlogsgod, werkers laat verkwyn vir 'n hoë diwidend en kinders laat vergaan terwille van 'n goeie mark; die Empire wat nòg sy eie volksbloed nòg dié van 'n ander respekteer en die eie volksgenoot met kille hand uit sy vaderland stoot omdat hy daardeur sy mag oor 'n kleiner volk kan vergroot, ongeag of daardie volksgenoot sy fortuin of sy ondergang in die vreemde gaan vind — solank hy maar net tydelik dien om die Empire-oormag te bewaar.

### DIE NUWE

Hierteenoor staan die nuwe wêreldgedagte waarvan die Ossewabrandwag die verteenwoordiger in Suid-Afrika is — **die idee wat meer belang stel in die longe van die mynwerker as in die gouddiwidend, wat in die soldaat 'n gesinshoof sien met die reg om te lewe en nie net 'n nommer op die slagveld nie, en wat in die kind die skakel tussen geslagte sien, en nie 'n rampsalige wesentjie wat met 'n tweepennie-maaltyd van die dood weerhou behoort te word nie.**

Dit is die botsende gedagte van die oue en die nuwe, en daarom kan 'n Conroy as verteenwoordiger van die oue, sonder wroeging toelaat dat sy eie volkseuns van die platteland deur immigrante uitgedruk word na die stede waar hulle as ongeskooldes weer afgedruk word deur opgeleide werkers van oor see; en kan hy ook toesien hoe die teruggekeerde Afrikaanse soldaat wat huis en werkkring verlaat het, sonder albei moet sit omdat Britse immigrante nou van meer strategiese waarde daarin sal wees as hy wat alleen waarde op die slagveld gehad het.

### ONGEBORENES

**Die nuwe idee is bekommerd oor die mens as mens en die volk as volk. En daarom veg hy vir elke volkslid — ja selfs vir die ongebore lede van sy volk!** Daarom dat 'n nuwe Duitsland nie sy volksgenote uitstoot soos die Britse Empire doen nie, maar hulle juis van uit die vreemde wil aanmoedig om na hul vaderland terug te keer — dink maar aan die reuse-volksverhuisings wat deur die Nasionaal-sosialistiese bewind in Oos- en Suid-Europa bewerkstellig is in 'n poging om die Duitse bloed te verenig.

Vandag word teen hierdie nuwe idee oorlog gevoer. Die lot van komende geslagte word beslis, en tussen daardie wagtendes van die toekoms bevind hom ook die ongeborenes van ons volk wat op 'n staanplek in hul vaderland wag — 'n staanplek wat die ou orde vir politieke mag wil verruil aan vreemdes.

# Min of Meer Belangrik

## Vryheid van Denke

„Ons veg nie vir die uitwissing van volke nie, maar vir die uitwissing van sekere maniere van dink," het genl. Smuts verlede week in die Senaat gesê. Ons het altyd gemeen dat vryheid van denke een van die beginsels van demokrasie is.

* * *

## Nog 'n Kommissie

Nadat die Vereniging van Staatsamptenare op sy onlangse kongres in Bloemfontein sterk nadruk gelê het op die wantoestande in die diens, het genl. Smuts nou in die parlement aangekondig dat 'n kommissie van ondersoek ingestel sal word, soos aanbeveel deur die Planneraad. Daar is aangevoer dat die regering sy werknemers baie swakker behandel as private ondernemings. Die staatsdiensstelsel self is so verouderd en openbaar so 'n gebrek aan werklikheidsin, dat dit 'n mens verbaas dat daar nou eers aandag aan geskenk sal word — of miskien is die kommissie-benoeming ook maar weer bedoel as slaapsandjies soos dit die geval is met meeste kommissies van 'n sittende partybewind.

* * *

## Vergeefse Aanval

In Italië het die Britte en Amerikaners verlede week by Cassino teruggeval op die ou stellings wat hulle besit het voordat hulle met 'n twaalfdaagse aanval teen die Duitse garnisoen begin het. Hierdie aanval is voorafgegaan deur 'n bombardement op die klein dorpie wat deur die Britse nuusdiens beskryf is as die hewigste in die geskiedenis vir so 'n beperkte doel.

* * *

## Japan Val Indië Binne

In Indië het die Japanners met 'n verrassingsaanval oor die grens van Birma tevoorskyn gekom en het die Britte op etlike plekke teruggedruk. Die gevegte vind plaas in die bergwêreld van die provinsie Manipoer, ten ooste van Bengale waar onlangs by 'n miljoen mense aan honger beswyk het. Die Indiese nasionale leier buite Indië, Subhas Chandra Bose, neem deel aan die inval.

# Deur die Periskoop

### AMPTENARE BESKERM VOLK

In sy Nuusbrief van Maart probeer die regerende party verskoning maak vir sy hopelose landsbestuur deur die verantwoordelikheid op die staatsamptenare („burokrate") af te skuif. So lui 'n paragraaf o.a. as volg:

„Of 'n land goed of sleg geregeer word, hang in 'n baie groot mate af van sy permanente beamptes — sy burokrasie. Of die regering van 'n land ‚eerlik' of ‚oneerlik' en korrup is, hang af van sy permanente beamptes — sy burokrasie. As dit nie so was nie, sou sekere politieke partye baie maklik die ondergang van 'n land kon bewerkstellig as hulle aan die bewind kom. Ons burokrasie beskerm ons."

Ons wil uitroep: Dank en nogmaals dank aan ons staatsamptenare vir die beskerming wat hulle ons in hierdie dae verleen. Maar daarby wil ons daaraan herinner dat hierdie amptenare by wyse van noodwette deur die heersende politieke party gedwing is om uit die Ossewabrandwag te bedank, dog dat die Ossewabrandwag die streep net deur hul name en nie deur hul harte getrek het nie.

Hoe gelukkig sal ons land nie wees nie die dag wanneer hierdie amptenare nie meer nodig sal hê om die volk te beskerm teen sy regerende party nie, maar saam in hul Volksbeweging as 'n eenheid sal werk!

### INGEVOERDE WERKERS

Die „Verenigde Party-nuusbrief" lewer ook 'n roerende pleidooi vir „grootskaalse immigrasie", en verklaar: „As ons nuwe nywerhede wil stig en die veel besproke bestaansveiligheid wil verseker, moet ons nou aan grootskaalse immigrasie begin dink." Hy verwys dan na die immigrasie wat ons goudnywerheid opgebou het — en daarby wil ons hoop dat hy nie aan die Sjinese koelies van 1904 gedink het nie. Hierdie propaganda val mooi saam met die bekendmaking deur Reuter van die agenda van die Empire-konferensie eersdaags in Londen, waarvolgens Groot Brittanje die saak van Britse emigrasie na die Dominiums te berde sal bring.

Ons wil aanstip dat die Ossewabrandwag in sy immigrasiebeleid neerlê dat in hierdie saak gelet moet word op die vermoë van immigrante om hulle deur die Afrikaanse volk te laat opneem, en op die behoeftes van ons eie werkers. Waar die Verenigde Party-nuusbrief pleit vir ingevoerde werkers om ons nywerhede te kom opbou, wil die Ossewabrandwag ons eie werkers die geleentheid daartoe gee. Indien nodig kan wel instrukteurs van buite ingevoer word om ons werkkragte op te lei. Ons wil egter byvoeg dat indien daar

(Vervolg in vorige kolom)

(Vervolg van volgende kolom)

nie soveel beperkings vir opleiding gelê is op vakleerlinge deur die ingevoerde werkers binne baie vakbonde nie, dit teen hierdie tyd nie nodig sou gewees het om aan meer ingevoerde werkers te dink nie. Deur allerhande hinderlike bepalings insake ouderdom en kwalifikasies is duisende Afrikaners, deur die vreemdelinge in beheer van vakbonde, uitgesluit van 'n nywerheidsopleiding. Aan hierdie ongerymdheid sal die Ossewabrandwag ook 'n einde maak.

AS U 'N PLAAS OF HUIS WIL KOOP OF VERKOOP,
raadpleeg eers
**PRAEDIUM AGENTSKAP**
Algemene, Boedel, Eiendoms, Assuransie en Finansiële Agente.
Zimansgebou 9–10, H/v. Mark- en Harrisonstr., Posbus 6072, Johannesburg.

**SPIERE SOOS YSTER**
**SENU'S VAN STAAL ! !**



'N VOLLEDIGE KURSUS IN
**GESONDHEID en SUPERKRAG . . .**
PRAGTIG GEÏLLUSTREERD
Geskik vir Oud of Jonk
Besonderhede gratis
Skryf aan:
**JOHAN HEFER**
**DIE HEFER INSTITUUT**
Vir GESONDHEID en LIGGAAMSONTWIKKELING
POSBUS 8809,
JOHANNESBURG.

**P. A. WILKEN**
MAKELAAR, VENDUAFSLAER
BOEDELBEREDDERAAR

Hoofkantoor: Spoorbondkasgebou,
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG.
(Telefoon: 33-1706 en 33-0138)

Takkantore:
RANDFONTEIN, Hoofstraat 19. Foon 671250.
POTCHEFSTROOM, Kerkstraat 57. Foon 187.

**TREK SAAM DIE LAER!**

**44/1** Ongekende industriële ontwikkeling kenmerk ons eeu.

**44/2** Die Afrikaner het sy gewig ingegooi op 'n sielkundige tydstip om 'n onwrikbare houvas op die industrieë van sy land te kry.

**44/3** Span in en trek saam die laer om ons industrieë!

**44/4** Geniet die sekuriteit wat spruit uit 'n gesond opgeboude meubelindustrie.

**44/5** Skryf om ons brosjure en oortuig uself van die winste wat aandeelhouers op hulle belegde geld verkry.

'N TUSSENTYDSE DIWIDEND VAN 4% VIR DIE HALFJAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1943 IS REEDS UITBETAAL.

*TREE IN VERBINDING MET EEN VAN DIE ORGANISASIEKANTORE*

van

**EXCELSIOR MEUBELS BPK.**

Hoofkantoor: De Villiersstraat 15, Johannesburg, Posbus 6670.
Kaapstad: Kamer 614, Groote Kerkgebou, Posbus 2996.
Bloemfontein: Maitlandstraat 68, Posbus 718.

**PLUIMVEE**

Die beste firma in JOHANNESBURG om u PLUIMVEE, EIERS, en ander produkte aan te stuur is:

C. M. ELOFF en Kie, (Edms.) BEPERK, Posbus 7185 MOREMARK, NEWTOWN

**DIE NUUTSTE IN DAMES-**
**FELT-HOEDE**
en
**WINTERJASSE**
by
**Steyns**
**PAROW**
DIE MODERNE DAMESMODISTE.

*ALGEMENE HANDELAAR*
en
*PRODUKTE KOPER*
**S. J. KRYNAUW**
vir
Kruideniersware teen die billikste pryse.

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.

H/v. GARCIA en NUWESTRAAT
Foon 68 Bus 54
BEAUFORT-WES.

**DIREK VAN FABRIEK AAN BOER**

Kapkartuie £10, Swaar £13-10-0; Enkel Kartuig £8-15-0; Muiltuie £15; Donkietuie £7-10-0; Tooms vir Muile 16/6; Tooms vir Perde 13/6; Tooms vir Donkies 6/6; Ligte Halters 6/-; Swaar 9/6; Saals kompleet £5; Borsplate vir Donkies (lig) 6/-; Swaar 9/6; Borsplate vir Voormuile £1-6-0; Agter £1-8-6.

K.M.B. Onmiddellikke aflewering op ontvangs van Bestellings. Tevredenheid gewaarborg.

Geen K.B.A aflewering.

Volkskoper Mark Beperk, Wolhuterstraat 62, Newtown, JOHANNESBURG.

**MEUBELS**

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU!*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

**Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,**
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

**Belangrike Boeke**

**Vername Persone** uit die S.A. geskiedenis, deur Eric Stockenström .. .. .. .. 6/6 p.v.

**Die Afrikaanse Vrou.** 'n Beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van S.A. gespeel het in die jare 1568-1918) deur Eric Stockenström .. .. 6/6 p.v.

**Mietes en Sages** van die Grieke, baie mooi vertel deur Mev. P. van Braam 6/6 p.v.

**Skandinawiese Vertellinge** .. 4/6 p.v.

**Suid-Afrikaanse Soogdiere** deur dr. C. S. Grobbelaar 6/6 p.v.

**Die Stem van die Volk.** Luimig, onderhoudend, leersaam, deur N. G. S. v. d. Walt .. .. .. .. .. .. .. .. 1/6 p.v.

**Saam Verban,** deur Mev. M. J. van Straten .. .. .. 5/6 p.v.

Stuur u bestelling aan
**PRO ECCLESIA-DRUKKERY**
**Die Laan — Stellenbosch**

*Ondersteun Ons Adverteerders!*

## NYWERHEIDSKRISISSE IN AMERIKA EN BRITTANJE

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Op die oomblik is selfs 'n nasionale gevaar soos 'n wêreldoorlog nie in staat om gevaarlike nywerheidskrisisse in die kapitalistiese Amerika en Brittanje te verhinder nie. Arbeidstakings volg mekaar snel op. Nog 'n paar dae gelede het ons uit die mond van die Britse minister van arbeid verneem dat 272,000 werkdae alleen in Februarie as gevolg van nywerheidsgeskille in Brittanje verlore gegaan het. Een van die gevolge was die onmiddellike landswye inkorting van die voorrade elektrisiteit en gas vir nywerheidsdoeleindes. Elektrisiteit is naamlik met tien persent en gas met 25 persent ingekort. Hierdie voorbeeld is maar een klein grepie uit die nywerheidsmoeilikhede in Amerika en Brittanje en daar kan aangeneem word dat die maande Maart en April, met die oog op huidige stakings in Brittanje, selfs slegter rekord sal lewer.

**Die Standpunt van die Owerhede**

Dit is nie nodig om daarop te wys dat dergelike arbeidstakings vir die betrokke owerhede besonders pynlik is nie. Dergelike nywerheidskrisisse word nou eenmaal nie in Washington en Londen toegejuig en in Berlyn en Tokio beween nie. Arbeidstakings in die eie land pas maar sleg in die eie oorlogspropaganda. Volgens hierdie propaganda hoort nywerheidskrisisse nie in die voortreflike kapitalisties-demokratiese Amerika en Brittanje tuis nie maar wel in die ongelukkige en onderdrukte lande van die vyand. As dit vir die Amerikaanse en Britse sensuur moontlik was, sou hy seer seker die ongelukkige nywerheidskrisisse vir die wêreld en veral vir die vyand geheim gehou het. Vandaar dat owerhede en werkgewers van 'n tweede beste beleid gebruik maak en dit is om die stakende arbeiders in die eie lande en in die bevriende buiteland so veel moontlik in diskrediet te bring. Vir hierdie doel word die propaganda-organe soos die dagbladpers, nuusagentskappe, die radio en die rolprent wat in die diens van die regering of kapitalistiese werkgewers staan, dan ook ten volste ingespan.

Dit is dan ook geen wonder dat dergelike propaganda-organe die gevaarlike onnasionale karakter van arbeidstakings gedurende die huidige „totale" oorlog sterk beklemtoon. Hiervolgens sou die voortsetting van die stakings „tot 'n nasionale ramp moet lei", die „nywerheidsoorlogspoging belemmer", die „eenheid van die volk op 'n uiters kritieke stadium van die oorlog vernietig", „die lewens van manne en vroue in die gewapende magte in ernstige gevaar stel" en „die inval in Europa ernstig vertraag". Daar is van regeringsweë nou selfs 'n klopjag uitgevoer op die kantore van die Revolusionêre Kommunistiese Party wat uit aanhangers van die Trotskileer sou bestaan. Dit sou hierdie Trotski-organisasie wees wat verantwoordelik is vir die propaganda onder die arbeiders en vir die „huidige golf van onrusbarende stakings" in Brittanje. Daar word van regeringskant verder verklaar dat hierdie sogenaamde „Trotski-organisasie" vyandig staan teenoor Stalin. Hierdie laaste „ontdekking" is waarskynlik aan die adres van die Russiese Diktator gerig en „drastiese stappe" teen Britse kommuniste word voorgestel as synde in belang van die kommunistiese Rusland self.

**Die Standpunt van die Arbeiders**

Hoewel Reuter nie erg mededeelsaam met sy inligting oor die toestande onder Britse arbeiders is nie, hoef ons nie in 'n „Trotski-organisasie" die oorsaak van revolusionêre neigings onder die arbeidende klasse van Brittanje te soek nie. Die kroniese toestand van nywerheidskrisisse in Amerika en Brittanje, te midde van 'n wêreldoorlog, staan in verband met 'n wêreldprobleem wat alleen nog in Rusland en Duitsland met sukses aangepak is. Die oorsaak van die baie Britse arbeidstakings moet voorts in Brittanje self gesoek word. In die kapitalisties-demokratiese Brittanje waar die rykes „vry" is om gewoonlik nog ryker te word en die armes „vry" is om gewoonlik nog armer te word, sal die handwerker tevergeefs na sy beloofde land soek. Brittanje is nog altyd die land van skerp teenstellings. In een en dieselfde land word verstokte konserwatisme naas verligte vooruitstrewendheid, weelderige rykdom naas knellende armoede en agterlike maatskaplike toestande, bevoorregte naas onbevoorregte klasse aangetref. 'n Land met dergelike skerp teenstellings in sy politieke, sosiale en ekonomiese struktuur is altyd die vrugbare bodem vir revolusionêre stromings soos dié wat in huidige arbeiderskringe aangetref word.

Die veelvuldige stakings wat in Brittanje en Amerika voorkom, lewer bewys dat die oorlog nie daarin geslaag het om die aandag van arbeiders van huishoudelike na buitelandse moeilikhede af te trek nie, en dat baie arbeiders nie in die na-oorlogse paradyse van oorlogsprofete glo nie. As nywerheidskrisisse reeds gedurende die oorlog so 'n prominente plek inneem, dan mag met besorgdheid die vraag gestel word: Wat sal gebeur as die oorlogsnywerheid en -ekonomie omgeskakel word in 'n vredesnywerheid en -ekonomie? Dit sal 'n reusetaak wees. Sal die Brittanje wat in die verlede 'n oplossing vir huishoudelike moeilikhede in emigrasie en die „dole" gesoek het, vir die reusetaak opgewasse wees? Of sal dit 'n nuwe Brittanje wees wat nuwe redmiddels gebruik?

● Van ou mans-dasse kan 'n mooi kamerjapon vir 'n dogtertjie gemaak word. Torring hulle oop en werk hulle dan aanmekaar, met die wye punte na onder.

**Vergadering!**

Die Kommandant-generaal (Dr. J. F. J. VAN RENSBURG) en die Gebiedsleier (Dr. F. du T. VAN ZYL) spreek op

**15 APRIL 1944**

laat die namiddag 'N VERGADERING TOE te

**MONTAGU**

op die **Sportgronde** by geleentheid van die plaaslike O.B.-dag-verrigtinge

Ons vra O.B.-ondersteuning.

*VRIENDE!*

STUUR U PRODUKTE EN LEWENDEHAWE AAN

**PRINSLOO en VENTER**

EN WEES VERSEKER VAN DIE BESTE UITSLAE EN BEHANDELING.

**Môremark — Pretoria**

Welgemoedgebou, v. d. Waltstraat 252, (Foon 2-2203 — Posbus 361)

PRETORIA.

**VAN ZYLS**

MANS-, SEUNS- EN SPORTUITRUSTERS.

BESOEK ONS VIR AL U BENODIGHEDE.

**DIE PAARL**

OOK TE PORTERVILLE.

**Gearing . . .**

*Vriend van die Boere.*

DIE LAASTE WOORD IN WINDMEULKONSTRUKSIE.




Vermy Watermoeilikhede en verseker die vooruitgang van u boerdery.

Sedert 1906, toe die eerste Gearing vervaardig is, lewer duisende vandag nog bevredigende diens.

Ondersoek die Gearing waar dit in werking is.

ONTWERP EN VERVAARDIG deur

**Gearings Limited**

(Opgerig 1878)

Bus 860. JOHANNESBURG. Foon 34-2157—8.

O.B.-OFFISIERE EN BRANDWAGTE, AANDAG!

**WAPENSKOU**

bied sy dienste aan u as voorligtingsorgaan m.b.t. dienslaer- en studielaeronderwerpe, sowel as m.b.t. ander volksvraagstukke. Die K.G. sê van Wapenskou: „Wapenskou, die amptelike orgaan van die Afrikaanse Nasionale Studentebond, stam uit denkende kringe van jong Afrikaners wat trag om helderheid te vind en te versprei. As sodanig verdien dit die noukeurige aandag van die strydende geledere."

**WAPENSKOU**

verdien 'n plek in elke Afrikanerhuis. Teken onmiddellik in by: Die Uitgewers, Wapenskou, Bus 28, Stellenbosch. Die intekengeld is 5/- vir 4 uitgawes per jaar.

# *Geklassifiseerde Advertensies*

## GEBOORTE

KUHN. — Aan mnr. en mev. S. H. Kuhn, 'n fris O.B.-dogter op 25ste Maart. Naas die Heer ons innige dank aan dokter en verpleegster.

## VERLOWING

JANSE VAN RENSBURG—CROUS: Willie, jongste seun van mnr. en mev. Janse van Rensburg, Bathurst, Viljoenskroon, en Baby, enigste dogter van mnr. en mev. Crous, Merinohoek, Senekal, maak aan familie, vriende(-inne) en teleurgesteldes bekend dat ons op 16 Maart verloof geraak het.

SWANEVELDER — SMITS: Die verlowing word bekend gemaak van Helen, oudste dogter man mnr. en mev. Smits, Hendrina, aan Wande, enigste seun van Komdt. en H/Komdte. Swanevelder in Pretoria.

## DANKBETUIGING

Hiermee wil ek graag alle O.B.-offisiere, brandwagte en ander Afrikaner-vriende van harte bedank vir hul belangstelling tydens my siekte in die Senekal Hospitaal, asook dokters, verpleegsters en ds. Olivier. Komdte. mev. A. S. Cronje, Haven, Senekal.

## VERGADERING

'n Openbare Vergadering, toegespreek deur prof. L. J. du Plessis, (onder beskerming van die O.B.), sal plaasvind in die Stadsaal, Reddersburg, op 14 April 1944 om 7.30 n.m. Naburige Kommando's word vriendelik uitgenooi.

## BETREKKINGS VAKANT

Dadelik benodig 'n middeljarige dame om huis te hou vir twee skoolgaande dogters op dorp. Goeie woning. Meld salaris. Applikasie moet vergesel wees van getuigskrifte en kiekie. Doen aansoek: Mev. J. C. van Druten, Aarfontein, Victoria-Wes.

### ZANDDRIFT BESPROEIINGSRAAD. HOOFOPSIGTER EN WATERFISKAAL

Applikasies vir hierdie pos, vergesel van gewaarmerkte getuigskrifte, en meldende ouderdom, gesondheidstoestand, ondervinding en skoolopleiding moet onderstaande bereik op of voor die 20ste April 1944. Suksesvolle applikant moet vir sy eie motorvervoer langs kanaal sorg, en sal ook kleinere gereedskap en 'n paar arbeiders, soos nodig, met hom moet vervoer. Applikante moet meld watter soort motervoertuig hulle vir hierdie doel sal gebruik. Dienste moet aanvaar word op 1 Junie 1944. Salaris £30 per maand, maar as die Raad sy opsigterwoning in besit kry, sal die nuwe opsigter dit moet bewoon wanneer die salaris sal wees £25 per maand plus vrye huis.

SEKRETARIS,
Zanddrift, Besproeiingsraad.

Posbus 3,
Bonnievale.

## PERSOONLIK

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660 — JOHANNEBURG**

Kolossale voorraad van ons beroemde Vrugtebome, alle soorte, vroeg tot laat. Rose in bekoorlike Versamelings. Honderde bestellings reeds gereserveer, bespreek nou u benodighede vir Winterplantseisoen 1944, u voorkom daarmee teleurstelling, u kry u gekoosde soorte, super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid.
Sierstruike, Uitlandse bome, Bloekom, Denneboompies, Heiningplante en Palms vir Somerplanting.
Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters. (2)

**DE KOCK SE GARAGES**

Foon 110
Voortrekkerstraat,
MIDDELBURG,
Transvaal.

Foon 10
Herefordstraat,
GROBLERSDAL,
Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.

**W. VOIGT (Eiens.) Ppk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

## TE KOOP

2 DUIM en 2½ duim deursnit, selfdeurstekende koper bulringe teen 10/6 en 12/6 elk, posvry. Bestel by C. Bekker, Greenway 46, Greenside, Johannesburg.

DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.

KOOP DIREK VAN DIE BOER. — Kaapse geel of strooi uiesaad teen 5/6 per pond en Australiese bruin teen 6/- per pond. Goedgekeur volgens Goewernements Sertifikaat No. 0670 en gesertifiseer as gesond, vry, goed en skoon. Ook lusernsaad, gesond en mooi teen £7-7-6 per 203 pond. Uiebolle, Australiese bruin en Kaapse geel teen 14/6 per mud. Kontant met bestelling. D. M. v. d. Walt, P.K. De Rust, Dist. Oudtshoorn.

KOLJANDER en Wortelsaad direk van die produsent. 3 Pond pakkie Koljander oor die pos 3/6; 100 pond sak V.O.S. £3-15-0 K.M.B. Gemaal 5/- ekstra. Ook SHANTENY wortelsaad 1/- per ons; 10/- per pond oor die pos. P. W. Kloppers, Paul Krugerstraat, Robertson.

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.

MISSTOWWE. — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

UIESAAD. — Beste Australiese bruin, 6/- per pond; 10 pond, 5/- per pond. Regstreeks van mede-Afrikaner groeier gewaarborg. R. J. van Rensburg, Bus 7, Willowmore.

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.

## POTCHEFSTROOM

F. GELDENHUYS, Kerkstraat 172, Potchefstroom, Foon 130. Grofsmid, hoefsmid, elektriese en suurstofsweising, punte aan ploegskare en motorbakwerk. Reparasie 'n spesialiteit. Alle werk gewaarborg.

F. ZEILER, Potgieterstraat 40 Potchefstroom, Telefoon 344. Verf van alle soorte. Spuitmiddels vir insekte soos tampans, weerluise, vlieë ens. Diefproefdraad vir vensters. Gewaarborgde diens.

W. J. Grobbelaar — Dames en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in Tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.

HELPMEKAAR Slaghuis. J. W. Wentzel, h/v. von Wielligh en Tomstraat, Potchefstroom. Reeds jarelank bekend vir goeie diens en kwaliteit. Telefoon 616.

POTCHEFSTROOM Algemene Begrafnisfonds. Begrafnisondernemers Kontrakteure: Breytel en Seun, Kockstraat 11, Foon 210. Die enigste onderlinge begrafnisonderneming in Transvaal. Subskripsie 1/6 per maand. Deeglike werk gewaarborg.

POTCHEFSTROOM Handelaars (Edms.) Bpk., Posbus 51, Telefoons 250 en 159. Die alombekende en betroubare algemene handelsbesigheid. Direkte invoerders, Landbougereedskap en Besproeiingsbenodighede by die Potchefstroomse Koöperatiewe Handelsvereniging Bpk, Foon 626.

SENTRAAL Haarsnyers. Eienaar J. J. Brits. Haarsny, skeer, shampoo ens. Boere besoek ons vir deeglike werk. Kerkstraat (net langs Rendezvous Café).

STANDER se Kole, Wolmaransstraat 45, Potchefstroom, Foon 386, vir hoë gehalte huiskole, smidskole, antrasiet, vroeë hout. Persoonlike aandag en onmiddellike aflewering. Pryse redelik.

SUID Slaghuis. A. P. v. Wyk. Afrikaners van Potchefstroom ondersteun die Suid Slaghuis. Alleen die beste kwaliteit vleis word verskaf. Gelewer enige deel van die dorp.

WES-TRANSVAALSE Vendu-afslaers. Direkteure: P. A. v. d. Bank, J. H. Oosthuizen. Vendusies van enige aard word onderneem. Plase te koop ens. Kommissie en algemene agente, Kerkstraat 88, Potchefstroom, Foon 487.

ONDERSTEUN ! ! ! !
**Poskantoor Haarkappers**
Kerkstraat 173 - - - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

# O.B.-NOODHULPFONDS

VANAF 25 JAN. TOT 25 FEB. 1944.

Gebied „A"

A1 14/-; A10b6 £8-15-0; Arbeidsdiens Kaapstad £27-6-0; Vriend Bellville 10/-; Maandelikse bydrae vriende Bellville £1-12-6; Vriendin Kaapstad £1; Weeklikse bydrae Veldskoenkring £2-17-0; A5c8 £10-9-0; Generaal Rousseau, Kaapstad 2/6; Karoobossies Kaapstad £2-7-0; Steunmekaar Kaapstad £2-7-0; J. E. Carstens, Porterville 19/0; A3c8 £2-10-0; Regter Botha, Stellenbosch £5; Weeklikse bydrae Veldskoenkring £1-6-10; A14a7 £2-19-0; A10c8 £4-7-6; A10a1 £4-7-0; A2a6 £14-14-0; Weeklikse bydrae Veldskoenkring £1-8-10; A16a1 £1-13-0; Kollekte Kaapstad vergadering Kommandant-Generaal £59-2-0; A2b7 £20; A9a6 £5-17-6; A3b2 £3-7-0; A3b7 £3-10-0; Verkoop van Skildery te Moorreesburg £8-0-7; A14a en A14a2 £12-6-6; Hoofkommandant S. J. Krynauw, Beaufort-Wes £5-1-6. Totaal £214-10-3.

Gebied „B"

Kom. B: 2c1 10/-; 5c6 15/6; 3a7 £3; 3a2 £7; 1a3 £6-15-6; 1a8 £12. Totaal £30-1-0.

Gebied „C"

Kom. C: 1a1 18/3; 1a2 £4; 1a6 10/-; 1a7 £10-1-0; 1a8 £7-9-0; 1a9 £3-; 1b6 £2-13-6; 1b7 £1; 1b8 £2-10-0; 2a1 en 2a6 10/-; 2c8 £8-12-6; 3b2 en 3b7 £1; 3c2 en 3c7 £5-7-0; 4a7 £6; 4c2 en 4c7 £12; 4c6 £3-3-3; 6a1 £2-8-0; 6d6 16/-; 7a1 £30; 7a2 £9-2-6; 7a7 £1; 7c6 £1-4-6; 7d6 £3-12-0; 8a7 £2; 8a8 £2; 8b6 £5; 9a1 £3-12-0; 9b1 £5; 10b6 12/6; 10c2 £12-13-6; Generaalskap C11 £50; Hoofkwartier staf 9/-; Dr. Groenewald, Bloemfontein £1; Komdt. mev. A. D. van Heerden, Bloemfontein (persoonlik) £1; A. C.S. Nel, Lakewiew, Sperville £6. Totaal £206-4-6.

Gebied „E"

Kom. E: 1a2 £4-6-6; 1a7 £4-6-6; 1b7 £4-16-6; 1c1 £1-2-6; 1c2 £1-2-6; 1c3 £6-9-0; 1c6 £1-2-6 1c7 £1-2-6; 1c8 £6-2-0; 2a3 £7-1-0; 2a7 £6-3-0; 2a8 £2-15-0; 2b3 7/6; 2b8 £1; 3a1 £16-5-6; 3a6 £6-2-0; 3a8 £5-12-6; 3b2 £4-10-0; 3b3 £6-1-6; 3b6 £1-8-6; 3c7 £19-7-0; 4a6 £24-3-2; 4b6 £3-4-9; 4c8 £9-9-0; 5a1 £2-18-6; 5a2 £9-15-0; 5a3 £7-10-0; 5a6 £10; 5a7 £7-4-0; 5a8 £3-5-0; 5b1 £8-16-0; 5b3 £5-12-6; 5b6 £11-13-0; 5c1 £13-6-0; 5c2 £20-7-6; 5c3 £18-0-10; 5c6 £6-17-6; 6a2 £15-2-8; 6a6 £4-5-0; 6b2 5/-; 6b6 £4-16-3; 6b7 £1-11-3; 7b1 £1-3-11; 7b6 £1-3-10; 8a7 £9-5-6; 9c6 £1-18-0; 10c2 £9; Bydrae £16-7-6. Totaal: £334-5-8.

Gebied „F"

Kom. F: 1a1 £7-16-6; 2a2 £3-4-7; 2a7 £3-4-8; 2b3 14/-; 2b7 £5-12-6; 3 £6-15-0; 3a £16-11-9; 3a7 £8-16-0; 3a8 £29-9-2; 4b4 £8-5-6; 4b6 £9-13-0; 4b8 £4-1-9; 4b9 £5-2-6; 4c1 £8-12-9; 4c3 £15-6-3; 4c6 £43-10-9; 4c7 £1-1-0; Vriend 2/-; Vriend 5/-; Diamond Hill" Melkery £1-11-4; 5c2 £3. Totaal: 182-16-0.

BOEREJEUG Gebied „A"

JA3b1 £1-14-6; JA1a7 £1-4-6; JA2b7 £3-7-6; Jeughoofkomdt. Truter Kaapstad 10/-; JA14b1 8/-. Totaal: £7-4-6.

Gebied „B" £6-2-9.

Gebied „E"

H. C. B. du Toit 18/6; Rina du Toit en maatjies £1-6-1; F. Kotze 5/-. Totaal: £2-9-7.

Gebied „F"
Gewone Maandeliks

JF6 £1-5-0; Louisa en Linda Stevens 10/-; Susanna Engelbrecht 14/-; Martina en Pieter Venter 10/-; JF6b6 14/-; JF5a1 16/-. Totaal: £4-9-0.

Ceres Boerejeug-Laertrek £3-3-6.

# O.B.-NOODHULPFONDS EN BYSTAND

Staat van Inkomste en Uitgawe vir die periode 28 Januarie 1942—29 Februarie 1944:—

| | | | |
|---|---|---|---|
| INKOMSTE. | | | |
| Totaal tot 31 Jan. 1944 | £41,577 | 8 | 2 |
| Februarie 1944 .. .. .. | 808 | 11 | 8 |
| | £42,386 | 7 | 10 |
| UITGAWE. | | | |
| Totaal tot 31 Jan. 1944 | £42,053 | 6 | 6 |
| Februarie 1944 .. .. .. | 1,673 | 3 | 9 |
| | £44,726 | 10 | 3 |
| Latende 'n debietbalans van .. .. .. .. .. | £2,340 | 2 | 5 |

Verhouding van administratiewe uitgawe tot totale uitgawe 3.5%.

**WAT IS 'N KAPITALISTIESE DEMOKRASIE? . . .**

**Dit is 'n staat waarin die rykes soos armlastiges versorg word. Vergelyk maar die subsidie van £1,850,000 wat die regering besluit het om aan die goudmyne te skenk vir betaling aan naturelle-lone. Die myne betaal jaarliks ongeveer £17,000,000 wins uit aan aandeelhouers.**

**ANDERS GESTEL . . .**

**is dit 'n staat waarin die armes soos rykes belas word. Vergelyk maar die hoë belastings waaronder die armes gebuk gaan, wat in verhouding tot hul inkomste dié van die rykes ver oortref.**

# DIE K.G. OP REITZ

Die dames-kommando C8c6 het op Dinsdag, 21 Maart, 'n groot funksie ter stywing van die Noodhulpfonds en die fonds van 8 Augustus, op Reitz gehou. Dit het ook hierdie kommando geluk om teenwoordig te hê die Kommandant-generaal, Gebiedsleier genl. J. F. van der Merwe, genl. C. L. de Jager en hoofgenl. J. L. Uys.

Die veldkornette van genoemde kommando het gereël vir die tentoonstelling van 3 tafels vol gelaai met mooi handwerk, groente, vrugte, gebak, vleis en boerseep. Offisiere en brandwagte het soos een saamgewerk tot die groot sukses.

Die K.G. is op die stasie deur offisiere en brandwagte ontmoet en deur die dorp na die stadsaal geneem waar hy die gas van almal was.

Genl. J. F. van der Merwe het die middag sy afskeidstoespraak gehou as Gebiedsleier.

Die aand het die K.G. as hoofspreker opgetree voor 'n stampvol saal. Die hartlike toejuiging het gespreek van die vertroue wat die gehoor in hom gehad het. Op oortuigende wyse het hy die gehoor geboei met die heldere uiteensetting van die sosiale strewe van die O.B. Ook het hy genl. De Jager hartlik welkom geheet as Gebiedsleier en afskeid geneem van genl. Van der Merwe wat getrou die plig as Gebiedsleier in afwesigheid van genl. De Jager nagekom het.

Genl. De Jager en hoofgenl. J. L. Uys het die gehoor kortliks toegespreek.

Die middag is 'n uur afgestaan vir vroue-aangeleenthede, en het hoofkomdte. mev. J. v. d. Merwe die vroue onder voorsitterskap van komdte. mev. M. Myburgh toegespreek.

Mnr. D. Slabbert het met 'n offerkissie in 'n ommesientjie £16 ingesamel, en die funksie het nagenoeg £220 opgelewer. 'n Goed saamgestelde orkes het die gehoor aangenaam vergas op mooi musiek.

Die K.G. het die volgende dag op Reitz vertoef en was die gas van hoofkomdte. en mnr. A. P. Myburgh.

# VERJAARDAGKETTING

**13 April:** Mathys van Eck, Beaufort-Wes; Magdel Hesketh, Sutherland; Hendrina Ackermann, Windsortonweg; Lundert Koertzen Lorenzen, Stellenbosch; Emerentia Matilda Botha, George; Wilhelmina Roets, Levumbu.

**14 April:** Mara Groenewald, Plumstead; Christina Maria Engelbrecht, Botrivier.

**15 April:** Adelene Muriel Rosalind Louwrens, Hermanus; Sarie Botha, George; Gideon J. Roos, Stellenbosch; Marie Bester, Malmesbury; Albert Thomas Kitching, Port Elizabeth; Irene Ungerer, Kirkwood; Francois Jonker, Stellenbosch; Maria Magdalena Strydom, Tonasch; Hendriena Frederika Gouws, Prins Albert.

**16 April:** Carol Moolman, Cradock; Valerie Katerina van Rensburg, Port Elizabeth.

**17 April:** Jacobus J. du Plessis, Sutherland; Frans Frederick Terblanche, Humansdorp; Elize de Goede, Observatory; Daniel G. J. Coetzee, Kirkwood; Jacobus du Plessis, Sutherland; Gerda Steyn, Somerset-Wes; Elizabeth S. F. Maré, Marnitz; Elizabeth Maria van Rooyen, Pietersburg.

**18 April:** Francois Schoeman, Vlottenberg; Alida Aletta Martha Susan Wellbach, Dendron; Marthinus Jacobus Wessel Prinsloo, Paul Roux.

**19 April:** Christie Botha, George; Johanna Schmidt, Pearston; Jannie van Rooyen, Dendron; Johanna van As, Parow; Elizabeth Weyers, Beaufort-Wes; Johannes Hendrik van der Westhuizen, Vlottenberg.

**Rommelverwerking:**

● 'n Ou warmwatersak kan gebruik word vir 'n handsak vir 'n dogter. Sny die boonste een helfte af, slaan die klap oor, en sit met twee knope vas. 'n Klos kan onderaan by die gat vasgesit word.

**MARKAGENTSKAP**
**VROEË MÔRE-MARK**
**KAAPSTAD**

●

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

●

BESTE HEERSENDE PRYSE.

●

*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.